Jesus se kinderjare

TRUEWAY KIDS.COM

Inleiding:

In hierdie les gaan ons leer oor Jesus se lewe toe Hy 'n seuntjie was. Die Bybel praat nie baie van Sy lewe tussen Sy geboorte en bediening nie, maar daar is een gedeelte in Lukas 2:41-52 wat daarvan praat.

Sommige van die belangrikste punte waarna ons gaan kyk is:

- Jesus het mens geword en gegroei net soos ons.
- Jesus het God se Woord en God se huis liefgehad.
- Ons moet versigtig wees om Jesus nie te vergeet nie.

Lesgids

Begin hierdie week se les, deur te dink aan sommige van die dinge wat ons alreeds geleer het. Vra jou kind of hulle kan onthou waar Jesus gebore is? Bethlehem. Deel met hulle hoe Jesus vir ‘n rukkie in Egipte gebly het om weg te kruip vir koning Herodus. Daarna het Josef, Maria en Jesus teruggekeer Nasaret toe. Verduidelik aan hulle hoe Jesus soos ‘n normale persoon gelewe het net soos ons. Hy sou ontbyt, middagete en aandete geëet het. Deel hoe Maria en Josef ook ander kinders gehad het. Jesus het groot geword in 'n normale familie. Verduidelik hoe Jesus in 'n sinagoge skool bygewoon het en daar van die Ou Testament geleer het.

Lees Lukas 2:40. Praat oor hoe Jesus gegroei het: 1) Hy het in wysheid gegroei. Hy het dinge by die skool geleer, die sinagoge (kerk) en van ander. 2) Hy het fisies gegroei. Hy het goed geëet en fiks gebly sodat Hy groot en sterk kon word. 3) Hy het geestelik gegroei. Hy het die Bybel geleer, gebid en God liefgehad. 4) Hy het sosiaal ook gegroei. Hy het vriende gemaak en ander behandel op dieselfde manier waarop Hy behandel wou word.

Deel met jou kinders hoe ons ook in hierdie gebiede moet groei. Gee voorbeelde van maniere waarop ons in hierdie gebiede kan of reeds gegroei het. Probeer om 'n paar ou fotos of kleding stukke van jou kind te vind om hulle te herinner hoe hulle fisies gegroei het. Gee hulle 'n paar eenvoudige take om te doen, soos om self te eet, herinner hulle hoe hulle dit nie kon doen toe hulle 'n baba was nie.

Deel met hulle hoe Jesus op die ouderdom van 12 jaar saam met sy familie na Jerusalem gegaan het om die Pasga te vier. Let wel: vir voorskoolse kinders is 12 jaar groot. Hulle mag moontlik nie aan 12 jariges dink as 'n kind nie. Probeer om aan iemand te dink wat jy ken wat 12 jaar oud is. As jy by die kerk is, miskien kan jy 'n kind wat 12 jaar oud is vra om in jou klas in te kom.

Praat oor hoe die Wet vereis het dat die mense die Pasga en ander feeste vier. Gesels oor die Pasga en hoe God Sy volk uit Egipte gered het. Dink aan sommige feeste wat ons vier en wat hulle ons van God leer. Kersfees, Paasfees, Pinkster ens.

Deel met jou kind hoe oppad terug van Jerusalem af, Maria en Josef opgemerk het dat Jesus vermis was. Jy kan 'n storie deel oor 'n fiktiewe karakter wat weg geraak het in 'n supermark. Dink aan die emosies van beide die kind en die ouer. Praat oor hoe dit altyd belangrik is dat ons naby aan ons ouers bly en hulle hande in besige plekke vashou sodat ons nie verlore raak nie.

Dink oor 'n paar keer wat ons dalk vergeet het van Jesus. Miskien wanneer ons iets sleg doen en weet Jesus sal nie daarvan hou nie, of omdat ons vergeet het om te bid en te dink oor wat eer aan Hom sal bring.

Praat van hoe Maria en Josef oral na Jesus gesoek het, en hulle Hom in die tempel gekry het, besig om die onderwysers (geleerdes) te onderrig. Deel dat selfs al was Hy jonk, was Hy lief vir die Bybel en wou Hy daaroor praat en dit deel met ander. Vertel jou kind hoe lief jy daarvoor is wanneer hulle iets wat hulle uit die Bybel geleer het met jou deel.

Deel hoe Jesus teruggekeer het huis toe saam met Maria en Josef. Jesus het geweet hoe belangrik dit was om Sy ouers te gehoorsaam en te respekteer.

© 2019 truewaykids.com



Maria en Josef het vir Jesus gesê dit was tyd om huistoe te gaan.

Jesus het teruggekeer Nasaret toe saam met Maria en Josef.

Hy het geweet dit was belangrik om sy ouers te gehoorsaam en te respekteer.

Maria het al hierdie oomblikke in haar hart gekoester. Jesus het aanhou groei.

Jesus se kinderjare

Toe Jesus 'n seun was, het Hy in Nasaret saam met sy familie gewoon. Toe Jesus 12 jaar oud was, het Hy saam met Sy familie die hele pad na Jerusalem gereis vir 'n spesiale viering. Dit het baie dae geneem om daar te kom. Jerusalem was 'n groot stad met 'n groot tempel.

Na die viering, was dit tyd om terug te reis na Nasaret toe. Oppad terug, het Maria en Josef opgemerk dat Jesus vermis was. Hulle het gekyk of Hy saam met Sy neef of vriende speel, maar Hy was nie daar nie. Hulle was baie bekommerd en het teruggegaan Jerusalem toe om Hom te vind.

Hulle het Jesus stil in die tempel gekry besig om die Bybel te leer en te spreuk. Hy het dit so baie geniet, Hy was nogsteeds daar. Die priesters by die tempel was verstom oor Jesus se begrip van die Bybel.

SPELETJIES EN AKTIWITEITE

SKOOL-SKOOL SPEEL

Laat jou kinders maak of hulle “skool-skool” speel. Jy kan 'n speel klaskamer met 'n bord opmaak om op te skryf en om aktiwiteite op te doen. Laat jou kind toe om hierdie aktiwiteite te lei. Nie net sal dit pret wees as jy saam leer nie, maar hulle sal ook leer. Praat oor hoe Jesus beide geleer en ander mense geonderig het.

VERLORE VOORWERPE

Vir hierdie speletjie, kan jy óf voorwerpe wegsteek of jy kan dinge gebruik wat reeds daar is. Een persoon maak of hulle 'n aankondiging maak. "Dames en Here, ons het ..... verloor, as jy dit vind, neem dit asseblief terug na .....” Die ander kind/kinders moet dan so gou as moontlik vir daardie voorwerp soek in die kamer en dit na die regte plek of persoon neem.

PLANT SOMMIGE SADE

Vind 'n paar maklik om te groei sade. Cress groei goed enige tyd van die jaar. Praat oor hoe die saad groei, maar ons moet dit water en lig gee.

Dink oor hoe Jesus van 'n baba af gegroei het en hoe God wil hê ons in Hom moet groei.

© 2019 truewaykids.com

Pas die baba en die volwasse diere







© 2019 truewaykids.com

12

Kleur die twaalf kerse in



12 12 12 12

Kleur die sirkels met die getal 12 in

12 10 16 12

9 12 15 11

© 2019 truewaykids.com

Hoe lank het elke blom gegroei?



© 2019 truewaykids.com

Help Maria en Josef om Jesus in die tempel te vind



© 2019 truewaykids.com

GROEI GRAFIEK

Wat jy nodig het

Templaat op wit papier of kaart

Kleur potlode

Skêr

Gom

Wat om te doen:

Kleur die Bybel vers afdeling in. Los die vierkante leeg.



Knip die templaat uit en plak dit waar aangedui is.

Kleur die blokkies in om die hoogte van die kind te meet. Gebruik elke keer 'n ander kleur. Voeg die datum by.

© 2019 truewaykids.com

Glue here

Maar groei in die

Glue here

genade en kennis

Glue here

van ons Here

© 2019 truewaykids.com

Glue here

en Verlosser

Glue here

Jesus Christus.

2 Petrus 3:18

© 2019 truewaykids.com



© 2019 truewaykids.com

© 2019 truewaykids.com



© 2019 truewaykids.com

Worship Time

Read Your Bible, Pray Every Day

https://youtu.be/PYRyJxs9CG4

God Is Always Working

https://youtu.be/JiaRAXhGS0U

Obey, Obey The Lord

https://youtu.be/glD4-xl1Amg

Gebed

Dank God vir Sy woord. Vra Hom om jou te help groei en word meer soos Jesus.

Volgende week

Johannes die Doper

If you haven't already done so, sign up to receive future lesson by email.
truewaykids.com/subscribe/

© 2019 truewaykids.com